



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**TOERISME**

**NOVEMBER 2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.**

<b>ONDERWERPE IN DIE TOERISME KABV</b>		<b>AFKORTING</b>
Onderwerp 1	Toerismesektore	TS
Onderwerp 2	Kaartwerk en toerbeplanning	KTB
Onderwerp 3	Toerismebesienswaardighede	TB
Onderwerp 4	Volhoubare en verantwoordelike toerisme	VVT
Onderwerp 5	Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme	PSI
Onderwerp 6	Kultuur- en erfgenistoerisme	KE
Onderwerp 7	Buitelandse valutaverhandeling	BVV
Onderwerp 8	Kommunikasie en kliëntediens	KK
Onderwerp 9	Bemarking	B

**AFDELING A: KORTVRAE****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	D✓	KTB
	1.1.2	D✓	KTB
	1.1.3	A✓	KTB
	1.1.4	B✓	BVV
	1.1.5	C✓	BVV
	1.1.6	B✓	TB
	1.1.7	D✓	TB
	1.1.8	A✓	TB
	1.1.9	D✓	B
	1.1.10	B✓	KE
	1.1.11	D✓	TS
	1.1.12	C✓	TS
	1.1.13	B✓	TS
	1.1.14	D✓	VVT
	1.1.15	D✓	VVT
	1.1.16	B✓	PSI
	1.1.17	C✓	PSI
	1.1.18	A✓	PSI
	1.1.19	C✓	PSI
	1.1.20	B✓	PSI
1.2	1.2.1	permit ✓	(20 x 1) [20]
	1.2.2	SWIFT ✓	KTB
	1.2.3	Taj Mahal ✓	PSI
	1.2.4	ouderdom ✓	TB
	1.2.5	bilharzia ✓	KTB
1.3	1.3.1	Algarve✓	(5)
	1.3.2	Wêreld Reismark ✓ / 'WTM' / Reismark	TB
	1.3.3	Piramides✓	TB
	1.3.4	UNESCO✓	TB
	1.3.5	Colosseum✓	TB
1.4	1.4.1	B✓ / D	(5)
	1.4.2	A✓	KK
	1.4.3	D✓	KK
	1.4.4	E✓	KK
	1.4.5	C✓	KK
1.5	1.5.1	beraad✓	(5)
	1.5.2	Iugramp✓ (Nota: Aanvaar ook 'Iugramp ekonomiese ommekeer' a.g.v die wegslating van die komma in Afrikaanse vraestel)	PSI
	1.5.3	wêreldsportbyeenkoms✓	PSI
	1.5.4	terreurdaad✓	PSI
	1.5.5	siekte✓	PSI

**TOTAAL AFDELING A:****40**

**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING**
**VRAAG 2**

2.1	<p>2.1.1 Londen 0 (16:00) New York -5          Tydsverskil = 5 ure✓          Daarom is New York 5 uur agter Londen          16:00 (-✓) 5 uur = 11:00✓          11:00 (+✓) 8 uur vliegtyd = 19:00✓ 21 September✓</p> <p><b>OF</b></p> <p>19:00 ✓✓✓✓✓✓ 21 September ✓</p>	(6)
2.1.2	<p>New York: -5 (09:00) Suid-Afrika: +2 (30°O)          Tydsverskil = 7 ure✓          Daarom is Suid-Afrika 7 uur voor New York.          09:00 (+✓) 7 uur = 16:00✓          16:00 (-✓) 1 uur ✓ DBT =15:00✓</p> <p><b>OF</b></p> <p>New York -5 (+✓) (1✓) DBT = - 4✓ (09:00) Suid-Afrika +2 (30°O)          Tydsverskil: = 6 ure✓          Daarom is Suid-Afrika 6 uur voor New York          09:00 (+✓) 6 uur =15:00✓</p> <p><b>OF</b></p> <p>15:00 ✓✓✓✓✓✓✓✓</p>	(6)

		<b>PANGEA-TOER</b>		<b>LED-TOER</b>		<b>KTB</b>
2.2	2.2.1	Akkommodasiebesonderhede✓ • Besienswaardighede • Aktiwiteite • Prys • Beskikbare toere • Duur van toer / aantal dae • Name van lughawens • Vervoer / pendelbus • Vertrekdatums • Roeteplan		Akkommodasiebesonderhede✓ • Besienswaardighede • Aktiwiteite • Prys • Beskikbare toere • Duur van toer/aantal dae • Name van lughawens • Etes wat ingesluit is by die toer • Vervoer / pendelvervoer • Vertrekdatums • Roeteplan • Universele toeganklikheid		
						(2)
2.2	2.2.2	Formaat is nie op 'n daaglikse basis gegee nie✓ • Inligting oor etes is nie gegee nie • Geen opsionele toere is ingesluit nie • Spesifieke tye is nie gegee nie • Universele toeganklikheid • Stergradering van akkommodasie		Spesifieke tye is nie gegee nie✓ • Geen opsionele toere is ingesluit nie		<b>KTB</b>
						(2)
2.3	2.3.1	A Mn. en mev. Zamer – LED-Toer✓ B Marcos en Augustina – Pangea-Toer ✓				<b>KTB</b>
						(2)
2.4	2.3.2	Ja, dit is rolstoelvriendelik✓✓ vir mense met spesiale behoeftes.				<b>KTB</b>
						(2)
2.4	2.4.1	10 uur 15 minute (vliegtyd) + 3 uur 25 minute (oorstaantyd) + 5 uur 15 minute (vliegtyd) =18 uur 55 minute ✓✓				<b>KTB</b>
						(2)
		<i>Nota: Geen gedeeltelike punte is toelaatbaar nie</i>				
2.5	2.4.2	(a) vlugvoosheid✓				<b>KTB</b>
		(b) Hulle sal oor baie tydsones vlieg. ✓ • Onderbreking van die liggaam se bioritmes				<b>KTB</b>
						(1)
2.5	2.5.1	Paspoort✓ Geelkoorssertifikaat✓ (Moenie slegs 'geelkoors' aanvaar nie) • Gesondheidsertifikaat • Visum - as 'n toeris langer as 90 dae vertoef (Reisperiode moet gespesifieer word)				<b>KTB</b>
						(2)

- 2.5.2 (a) Verpligte inentings word (deur die Wêreldgesondheidsorganisasie) gereguleer volgens geïdentifiseerde bedreigings wat in sekere lande voorkom ✓✓ KTB (2)
- Om die verspreiding van hoë-risiko siektes te beperk
- (b) Aanbevole inentings is slegs 'n voorkomende maatreël om die gesondheid van individuele toeriste te verseker en is opsioneel. ✓✓ KTB (2)
- Aanbevole inentings is nie 'n maatstaf vir hoë risiko siektes nie.
- 2.5.3 Peru wil Suid-Afrikaners aanmoedig om na hulle land te reis✓✓ KTB (2)
- Hou die koste om die land binne te kom so laag as moontlik.
  - 'n Ooreenkoms tussen twee lande
  - 'n Visum word nie vereis vir verblyf tot en met 90 dae nie
- 2.5.4 **Toerismebesighede** KTB
- Verlies aan besigheid, daarom verlies aan wins omdat minder mense sal reis as gevolg van vrees dat hulle die siekte mag opdoen. ✓✓
- Verlies aan werkgeleenthede
  - Verlies aan inkomste / Bydrae tot BBP

### **Reisneigings wêreldwyd (fokus op beweging van toeriste)**

Daar sal 'n afname in toerisme wees omdat mense huiwerig sal wees om buiten die grense van hulle lande te reis as gevolg van die bedreiging van die siekte. ✓✓

- Toeriste sal huiwerig wees om na Afrika te reis.

### **Lughawebdrywighede**

'n Toename in sekuriteit en skandering van passasiers ✓✓

- Gespesialiseerde mediese fasiliteite / skanderingstoerusting sal by lughawens geïnstalleer moet word.
- 'n Toename in vertragings en ongerief vir passassiers op die lughawe

### **Aanspreeklikheid van Regering:**

Moet verseker dat beleidstukke in plek is en dat dit geïmplementeer word om mense regoor die wêreld te beskerm. ✓✓

(8)

- Om reisigers op te voed deur instrumente beskikbaar te maak om hul simptome te monitor.
- Gesondheidsdepartemente moet reisiger aktief monitor vir simptome.
- Die regering moet die WGO in kennis stel van enige aangemelde gevallen en hoe die gevallen gemonitor word.
- Die regering moet ondersteuning bied aan mediese fasiliteite en gesondheidsdienste.

(Aanvaar voorbeeld)

[40]

**VRAAG 3**

3.1 (gebruik die BVK)	£1 560 (x ✓) 15,66 ✓ = R24 429,60✓	BVV (3)
	<b>OF</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• R24 429,60✓✓✓</li> </ul> <p><i>Nota:</i> Geen punte word toegeken indien verkeerde valutakodes of simbole gebruik is nie. Ken die punt toe as geen valutakode of simbool gebruik is nie.</p>	

**ALTERNATIEWE ANTWOORD**

3.1 (gebruik die BAK)	£1 560 (x ✓) 16,39 ✓ = R25 568,40✓	BVV
	<b>OF</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• R25 568,40✓✓✓</li> </ul> <p><i>Nota:</i> Geen punte word toegeken indien verkeerde valutakodes of simbole gebruik is nie. Ken die punt toe as geen valutakode of simbool gebruik is nie.</p>	

3.2 (gebruik die BVK)	R250 (÷✓) 3,55✓ = PEN70,42✓	BVV (3)
	<b>OF</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• PEN70,42 ✓✓✓</li> </ul> <p><i>Nota:</i> Geen punte word toegeken indien verkeerde valutakodes of simbole gebruik is nie. Ken die punt toe as geen valutakode of simbool gebruik is nie.</p>	

**ALTERNATIEWE ANTWOORD**

3.2 (gebruik die BAK)	R250 (÷✓) 3,90✓ = PEN64,10✓	
	<b>OF</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• PEN64,10 ✓✓✓</li> </ul> <p><i>Nota:</i> Geen punte word toegeken indien verkeerde valutakodes of simbole gebruik is nie. Ken die punt toe as geen valutakode of simbool gebruik is nie.</p>	

- 3.3 Die PEN is nie so sterk in waarde wanneer dit met die sterk GBP vergelyk word nie.✓✓  
'n Suid-Afrikaanse toeris sal meer waarde vir sy geld in Peru kry en daarom meer kan spandeer in Peru in vergelyking met die VK en het daarom minder koopkrag in die VK. ✓✓
- Die Suid-Afrikaner sal meer PEN as GBP vir sy/haar rand kry, daarom sal hy/sy meer in Peru sal kan spandeer.
  - Dit is goedkoper om Peru te besoek wat 'n beter waarde vir geld bestemming is.

[10]

TOTAL AFDELING B: 50

**AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1	Ikoon	Land	Stad	Rede waarom dit as 'n godsdienstige ikoon beskou word	TB	
4.1.1	A	Israel✓	Jerusalem✓	Die heiligste Joodse plek in Judaïsme ✓✓ <ul style="list-style-type: none"> <li>• Deel van die muur van die Tweede Joodse Tempel deur koning Herodes gebou</li> <li>• Een van die sewe wonders van die Heilige Stad, Jerusalem</li> </ul>	TB	(4)
4.1.2	B	Saoedi-Arabië✓	Mekka✓	Heiligste stad van die Islamitiese geloof✓✓ <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geestelike sentrum van alle Moslems</li> <li>• Moslems kyk in die rigting van Mekka gedurende hulle daaglike gebede</li> <li>• Fokuspunt van Moslems se pelgrimsreis, die Hadj</li> </ul>	TB	(4)
4.1.3	C	Italië✓	Rome✓ • Vatikaanstad	Setel van die Rooms-Katolieke Kerk✓✓ <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tuiste van die Pous, hoof van die Katolieke kerk (Christendom)</li> </ul>	TB	(4)

*Nota:*

*Moenie "gaan bid" sonder uitbreiding aanvaar nie.*

*Antwoorde moet die godsdienste noemenswaardigheid van elke ikoon toon.*

*Aanvaar voorbeeld van godsdienstige aktiwiteite eie aan elke terrein, byvoorbeeld die plaas van brieve in die openinge in die Klaagmuur.*

*Aanvaar die tipe toeris (godsdiestige) wat die ikoon besoek.*

4.2	4.2.1	A	Uluru✓✓ • Ayers-rots • Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park	TB	(2)
		B	Sydney Operahuis✓✓		(2)

*Nota: Moenie slegs 'Operahuis' aanvaar nie.*

	4.2.2	Uluru is in 'n afgeleë deel van die binneland geleë (boendoe) ✓✓	TB	(2)
		<ul style="list-style-type: none"> <li>Geleë in die woestynarea waar toeriste lang afstande oor verlate paaie moet reis om die ikoon te bereik, en waar min toeriste die ikoon besoek.</li> <li>Die besienswaardigheid sal slegs 'n sekere soort toeris na die heilige terrein aantrek / niche-mark.</li> <li>Anders as Uluru, is die Sydney Operahuis geleë in n stedelike gebied met 'n nabijgeleë internasionale lughawe om die ikoon te bereik.</li> <li>Goedontwikkelde toerisme infrastruktuur in Sydney en passasiers op luukse skepe kan die ikoon via die hawe bereik, wat nie die geval met Uluru is nie.</li> <li>Sydney Operahuis is gewild en gebeurtenisse wat daar gehou word, trek toeriste aan.</li> </ul>		
4.3	4.3.1	Geleë op die grens tussen twee lande✓✓	TB	(2)
		<ul style="list-style-type: none"> <li>Geleë op die Niagararivier tussen VSA en Kanada.</li> <li>Geleë tussen die tweeling stede ("twin cities").</li> <li>Daar is twee mere aan weerskante van die valle.</li> </ul>		
	4.3.2	Werkskepping as gevolg van 'n groter toerisme vraag ✓✓	TB	(2)
		<ul style="list-style-type: none"> <li>Dagbesoekers wat toeristegeriewe in Ontario gebruik, genereer inkomste / vermenigvuldiger effek</li> <li>Oornagbesoekers wat van Ontario se akkommodasie gebruik maak, genereer inkomste.</li> <li>Positiewe mondeline reclame deur Amerikaanse toeriste.</li> <li>Terugkeerbesoeke van tevrede toeriste</li> <li>Sterkter VS dollar maak Ontario 'n goedkoper bestemming.</li> </ul>		
	4.3.3	Seisoenialiteit sal min invloed op die besettingskoers hê omdat toeristegetalle dwarsdeur die jaar onveranderd bly.✓✓	TB	(2)
		<ul style="list-style-type: none"> <li>Seisoenialiteit het min invloed op die besettingskoers omdat baie toeriste vanaf die VSA dagbesoekers is.</li> </ul>		
4.4	4.4.1	'n Omgewingsbeleid is opgestel ✓✓	TB	(2)
		<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Koolstofvrystelling metingsprogram is ingestel.</li> <li>'n Volhoubaarheidskomitee is gestig.</li> <li>Besoekers kan aan groenbewustheidspraktyke deelneem.</li> <li>R30 miljoen is aan bronnewbestuur bestee.</li> </ul>		
	4.4.2	Die V&A Waterfront sal plaaslik en/of internasional uitstekend bemark word om oordeelkundige besoekers te lok wat verantwoordelike toerismepракtyke ondersteun.✓✓	TB	
		Deur omgewingsbeleidstukke in plek te hê en die toekenning te ontvang vir die 'Beste Bestemming vir Verantwoordelike Toerisme', sal help om besoekers te lok, sodat die werklike getalle die teikengetalle sal oorskry.✓✓		(4)
		<ul style="list-style-type: none"> <li>Toeriste ondersteun besienswaardighede waar daar deeglike bestuurspraktyke in plek is.</li> <li>Dit is vir baie toeriste deel van hulle maatskaplike verantwoordelikheid om groen-bewustheidspraktyke te ondersteun.</li> <li>Uitstekende bemarking vergroot bewustheid van hulle status as ondersteuners van groen praktyke wat toeristegetalle vermeerder.</li> </ul>		

[30]

**VRAAG 5**

5.1	5.1.1	<b>WET 1</b>	<b>WET 2</b>	KE
	5.1.1	Volle amptelike naam  <i>Nota: Moenie slegs 'iSimangaliso' aanvaar nie.</i>	(a) iSimangaliso Vleiland Park✓  • Kaapse Blomme Koninkryk✓ • Kaapse Blommestreek	(2)
	5.1.2	Tipe Wêrelderfenisterrein	(a) Natuurlike✓  (b) Natuurlike✓	KE (2)
5.2	Dit is 'n ongewone natuurverskynsel, byvoorbeeld leerskilpaaie wat na ± 30 jaar terugkeer na dieselfde broeiplek waar hulle gebore is om eiers te kom lê. ✓✓		Die leerskilpaaie is 'n unieke en sensitieve besienswaardigheid wat waarde tot die Wêrelderfenisterrein toevoeg. Die leerskilpaaie is 'n bedreigde spesie en is dus 'n sensitieve toerisme bron wat beskerm moet word. Die leerskilpaaie keer altyd terug na KwaZulu-Natal om nes te maak.	KE (2)
5.3	5.3.1	Die fynbos-spesie word slegs in hierdie deel van Suid-Afrika aangetref, die enigste habitat vir hierdie flora in die wêreld. ✓✓	• Dit is een van die biodiversiteitkernpunte van die wêreld. • Die protea is Suid-Afrika se nasionale blom en sy habitat moet beskerm word. • Sekere Fynbos-, Protea-, Erica- en Renosterveld pesies is bedreig en groei slegs in hierdie sensitieve habitat. • Fynbos is gehard, selfs wanneer dit deur vure bedreig word.	KE (2)
	5.3.2	Ingryping as bedreig word deur faktore soos swak bestuur, eksterne faktore soos droogte, vloede en vuur. ✓✓	• Wêreld Erfenisterreine word jaarliks deur 'n UNESCO-komitee hersien om vas te stel of die terreine steeds aan die kriteria voldoen. • Maak seker dat die terrein nie beskadig is nie en korrek beskerm word. • Bevorder die terrein deur dit op UNESCO se webblad te hê. • Bevorder die terrein deur hulle banier op die terrein te vertoon.	KE (2)

[10]

**VRAAG 6**

- |     |       |  |          |
|-----|-------|--|----------|
| 6.1 | 6.1.1 | Dit is vir Chinese toeriste makliker om met direkte vlugte na Suid-Afrika te reis.✓✓   | <b>B</b> |
|     |       | • Geen oorstaan  | (2)      |
|     | 6.1.2 | Vrees vir Ebola in Afrika✓<br>Strenger visumvereistes maak dit moeilik vir die Chinese om na die Suid-Afrikaanse ambassade te gaan vir die biometriese toetse. ✓ | <b>B</b> |
|     |       | • Ander lande bied aantrekliker pakette / kompetisie vir Suid-Afrika   | (2)      |
|     | 6.1.3 | Bemark Suid-Afrika by reis handelskoue in China✓✓  | <b>B</b> |
|     |       | • SAToerisme kan reclamepraatjies/inligtingstoere ('Road shows') in China hou.   | (2)      |
|     |       | • Chinese reisagente kan opgelei word om SA as 'n langafstand-bestemming te bemark.  | (2)      |
|     |       | • Open meer sentrums vir visumaansoeke in China  | (2)      |
|     |       | • Bemarking kan in Mandaryn (Chinese taal) gedoen word   | (2)      |
|     |       | • Bied aansporingsbonusse aan vir reisagente/toeroperateurs in China met die grootste verkope van toerpakette na Suid-Afrika.                                    | (2)      |
|     |       | • Lei toeristegidse in Suid-Afrika op Mandaryn te praat.   | (2)      |
|     |       | • Doen navorsing oor die belangstellings van Chinese toeriste en bied aantreklike reispakette aan wat voorsiening maak vir hulle behoeftes en verwagtinge.       | (2)      |
| 6.2 | 6.2.1 | SAToerisme✓  | <b>B</b> |
|     |       |  | (1)      |
|     | 6.2.2 | Om Suid-Afrika plaaslik en internasionaal as 'n voorkeurbestemming te bemark✓✓   | <b>B</b> |
|     |       |  | (2)      |
|     | 6.2.3 | 'Inspiring new ways'✓  | <b>B</b> |
|     |       |  | (1)      |
|     |       |  | [10]     |

**TOTAAL AFDELING C:** 50

**AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME****VRAAG 7**

- 7.1 Voorlinie/voorlinie personeel✓ TS (1)  
 • Aangesig tot aangesig
- Nota: Moenie voorbeeld van voorliniepersoneel aanvaar nie.*
- 7.2 Gedragskode✓ TS (1)
- 7.3 '... omdat sy nagelaat het om gehoor te gee aan die ooreenkoms om haar gesigsjuwele te verwyder en die sigbare tatoeëermerke te bedek terwyl sy by die werk was.' ✓✓ TS (2)  
 • '... Jane nie die voorwaardes van haar ooreenkoms nagekom het nie, ten spyte van mondeline en skriftelike waarskuwings.'
- Nota:*  
*Geen punte word toegeken indien die antwoord nie 'n aanhaling uit die leestuk is nie.*
- 7.4 Die beleid gee riglyne aan werkgewers en werknemers wat die maatskappy as aanvaarbaar beskou ten opsigte van voorkoms.✓✓ TS (2)  
 • Die beleid kan gebruik word om werknemers se gedrag te reguleer.  
 • Die beleid kan gebruik word om aantygings teen werknemers te ondersteun.  
 • Die beleid sal werknemers help om die professionele beeld wat die maatskappy wil behou, te verstaan.  
 • Die maatskappy kan homself beskerm teen regsaksie wat deur die werknemer ingestel word oor die kwessie.  
 • Om kliënte-vertroue te verseker  
 • Om basiese standarde daar te stel vir die voorkoms van personeel  
 • Om hulle professionele beeld te behou
- 7.5 'n Kliënt mag aanstoot neem omdat die werknemer nie professioneel optree nie.✓✓ TS (2)  
 • Toeriste kan gegru word deur haar voorkoms.  
 • Dit mag in teenstelling wees met sommige toeriste se waardes, beginsels en kulturele oortuigings.  
 • Sommige toeriste wil nie hulle kinders aan 'n swak voorbeeld blootstel nie.  
 • Sommige toeriste se gevoel oor, of stereotipering van gesigsjuwele en tatoeëermerke is negatief, en die karakter van die werknemer en die besigheid word bevraagteken.  
 • Dit is in direkte teenstelling met die professionele beeld van die besigheid

7.6 As 'n hotelbestuurder, het Bob die verantwoordelikheid om te verseker dat daar gehoor gegee word aan die beleid van die maatskappy.✓✓<sup>TS</sup>

Jane is aangestel op grond van haar kwalifikasies, met die voorwaarde dat sy haar tatoeëermerke bedek en haar gesigsjuwele verwyder waartoe sy ingestem het. ✓✓

Die maatskappy het 'n beleid in plek wat kleredragreëls reguleer.✓✓

Die korrekte dissiplinêre procedures is gevolg – mondeline en skriftelike waarskuwings is gegee.✓✓

Alle procedures het aan arbeidswetgewing voldoen. ✓✓

(10)

- Sy het 'n proeftydperk van 3 maande gekry om aan die maatskappy se beleid gehoor te gee.
- Sy is as 'n laaste uitweg ontslaan om die probleem op te los.
- Sy het die bepalings van haar dienskontrak verbreek – sy het nie gehoor gegee aan beleidstukke nie en het meer tatoeëermerke gekry.
- Sy het 'n werknemer diskriminasiegrief aanhangig gemaak ten spyte daarvan dat sy die een is wat nie die ooreenkoms nagekom het nie.
- Sy kan ander werknemers negatief beïnvloed om teen die maatskappy se beleid te rebeleer.

[18]

**VRAAG 8**

8.1 'Verminder hulle koolstofvoetspoor' beteken die maatskappy verminder die negatiewe invloed wat hulle op die natuurlike omgewing het waarin hulle besigheid doen.✓✓ VVT

*Nota: Aanvaar enige voorbeeld wat op omgewingsvriendelike optrede dui.* (2)

8.2 8.2.1 Hulle voertuie gebruik alternatiewe brandstof✓✓ VVT (2)

- Die maatskappy gebruik energiebesparende voertuie  
**OF**
- Korporatiewe Maatskaplike Belegging

8.2.2 Hulle het 500 Nissan LEAF-voertuie by hulle vloot gevoeg✓✓ (2)

- Hulle lughawependelbusse sal almal biodiesel gebruik.  
**OF**
- 4% van KMB donasies word aan omgewingskwessies toegeken.

*Nota: Voorbeeld moet aan 8.2.1 gekoppel word.*

8.3 8.3.1 88% van alle donasies gaan aan liefdadigheidsorganisasies wat deur die werknemers geïdentifiseer word.✓✓ VVT (2)

- Die werknemers is betrokke by die besluitnemingsproses.
- Hulle laat hulle werknemers besluit aan wie Enterprise Holdings donasies moet gee.

*Nota: Antwoorde moet op die betrokkenheid van werknemers gefokus wees.*

8.3.2 'n Persentasie van die toegekende fondse vir KMB word verdeel tussen die verskeie maatskaplike opheffingsprogramme wat die werknemers geïdentifiseer het. ✓✓ (2)

- 'n Groot persentasie van Enterprise Holdings se donasies dra by tot maatskaplike opheffing, byvoorbeeld onderwys, openbare/ maatskaplike voordele/gesondheids- en menslikheidsdienste.
- Donasies aan die kunste as 'n belegging in plaaslike kultuur.

8.4 • 91% ✓✓ VVT (2)

- Kunste 6% + openbare / maatskaplike 14% + onderwys 14% + gesondheid en menslikheidsdienste 57% = 91%

[12]

**TOTAAL AFDELING D:** **30**

**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE  
TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**

**VRAAG 9**

- 9.1 9.1.1 Geld wat bestem was vir skole, gesondheidsorg en ander openbare dienste verbeterings/opgraderings het nie plaasgevind nie. ✓✓  
Projekte se geld het op die ou end nie uit privaat fondse gekom nie. ✓✓  
• Mense is verskuif om plek te maak vir projekte.  
• Groot bedrae is gespandeer om stadions te bou  
• Baie glo dat die Spele net die welgesteldes bevoordeel het.  
• Hulle voel dat hulle regerings hulle gefaal het omdat beloftes nie nagekom is nie.  
• Baie projekte wat veronderstel was om lewensgehalte te verbeter, is nooit voltooi nie.
- 9.1.2 Verhoog die nasie se vertroue deur by beloftes te hou wat sedert die Wêreldbeker gemaak is byvoorbeeld verbeterde onderwys/gesondheid en openbare dienste.✓✓  
Voltooi alle onvoltooide projekte wat ten doel gehad het om die hele nasie te bevoordeel.✓✓  
Skep meer werkgeleenthede ter voorbereiding vir die Olimpiese Spele. ✓✓  
• Regering moet toesien dat projekte wat met die Olimpiese Spele verband hou, privaat befonds word.  
• Regering moet geld oordeelkundig bestee en nie tot nadeel van belastingbetalers en gemeenskappe is nie.  
• Verseker dat die hele nasie voordeel trek uit die aanbied van die Spele en nie slegs n bepaalde inkomstegroep nie.  
• Bied redelike opsies aan plaaslike inwoners indien daar van hulle verwag word om te verskuif.
- 9.2 9.2.1 Toename in toeriste aankomsgetalle na Suid-Afrika word weerspieël in al 6 streke van kwartaal 2 na kwartaal 3.✓✓  
• Sigbare verbetering in sommige markte in kwartaal 3, byvoorbeeld Europa en Amerikas.  
• 'n Toename in internasionale aankomste na Suid-Afrika is in al ons lugmarkte aangeteken.  
• In Kwartaal 3 was daar 'n toename in lugmarkte toeriste wat Suid-Afrika besoek het.

- 9.2.2 Hoe groter die toeriste aankomste, hoe meer geld word deur toeriste spandeer en hoe groter die buitelandse markaandeel. ✓✓ 'n Toename in toeristevolumes beteken Suid-Afrikaanse besighede word ondersteun, wins word gemaak en daar word 'n bydrae tot die ekonomie gemaak. ✓✓ PSI (4)
- Werkskepping
  - Groei in BBP
  - Toename in buitelandse valuta inkomste
  - Verbeterde infrastruktuur
  - Skep van beleggingsgeleenthede
  - Stel die vermenigvuldiger effek in werking
  - 'n Groter vraag skep meer geleenthede vir nuwe besighede.
- 9.2.3 Zimbabwe word deur lande omring. Die meerderheid Zimbabwiërs kom Suid-Afrika per pad en per trein binne. ✓✓ PSI (2)
- Hulle verkies padvervoer want dis makliker om toegang te kry by grensposte omdat daar geen visumvereistes is nie.
  - Padvervoer na Suid-Afrika is goedkoper as vlugte.
- 9.3 9.3.1 Ons inkomende Afrika-landmarkte kom gereeld Suid-Afrika toe vir inkopie doeleindes. ✓✓ PSI (2)
- Goedkoop, bekostigbare goedere word in Suid-Afrika aangetref.
  - Unieke/wye verskeidenheid goedere beskikbaar.
  - Gunstige buitelandse valutaverhandelingskoers maak van Suid-Afrika 'n inkopieparadyss.
  - Daar is verskeie groot inkopiesentrums in die groot sentra regoor Suid-Afrika wat 'n reeks goedere teen kompetenterende pryse bied.
- 9.3.2 Verbeter die bemarkingspogings wat tegnologies-gevorderde toerusting op mediese gebied ten toon stel. ✓✓ PSI (2)
- Maak gebruik van professionele Medici om handelmerk ambassadeurs te wees wat kan getuig van Suid-Afrika se mediese geskiedenis.
  - Verhoog bewustheid van alternatiewe mediese opsies wat in Suid-Afrika beskikbaar is, byvoorbeeld gesondheidspa's, welstandsentrum en tradisionele genesers.
  - Bied aantreklike pakkette aan wat mediese prosedures, nasorg en hersteltyperke insluit.
  - Regerings moet ons land as 'n koste-effektiewe bestemming vir mediese prosedures bemark.
  - Toon ons geakrediteerde/vaardige professionele Medici, hospitale/klinieke en alle ander mediese diensverskaffers om mediese toerisme te bevorder.
  - Gebruik ons diverse kulturele en natuurlike besienswaardighede as 'n bonus om mediese toeriste te lok, wat kan aansterk en terselfdertyd wat ons aanbied, kan geniet.
  - Bied internasionale mediese konferensies aan / internasionale uitruilprogramme.

**VRAAG 10**

10.1 Swak diensleweringsvaardighede wanneer daar met gaste gewerk KK word. ✓✓

Swak aanbieding van kos / swak kwaliteit kos ✓✓ (4)

- Stadige diens in die restaurant
- Vertragings met kosbestellings uit die kombuis
- Items verskyn op die spyskaart, maar is nie beskikbaar nie.
- Kelner het verkeerde bestelling geneem
- Nie genoeg kelners nie

*Nota: Aanvaar enige klagte wat met swak kwaliteit van kos en swak dienslewering in 'n restaurant verband hou.*

10.2 Personeel moet gereeld gestuur word vir opleidingskursusse om KK diensleweringsvaardighede te verbeter. ✓✓

Opleidingsmetodes moet aangepas word om vinniger diens/ kwaliteit van voedselvoorbereiding te verbeter. ✓✓ (4)

- Verseker dat alle items op die spyskaart altyd beskikbaar is.
- Personeel ontvang opleiding hoe om tydsbestuur te verbeter.
- Volgehoue terugvoer van kliënte
- Volgehoue opleiding en toesig deur die bestuur
- Neem meer personeel in diens
- Volg dissiplinêre procedures om die werknemer af te dank.
- Bied aansporings aan werknemers om goeie werksetiek te behou.

[8]

<b>TOTAAL AFDELING E:</b>	<b>30</b>
<b>GROOTTOTAAL:</b>	<b>200</b>